4 Oktober Esra 8:21-36; (Teks: 8:22)

Teorie moet praktyk word

Dit sou dinge soveel makliker gemaak het as Esra en die oud-ballinge wat saam met hom na Jerusalem toe op pad was 'n gewapende geleide gehad het om hulle te beskerm. Dit sou boonop geen probleem gewees het om so iets te reël nie. Koning Artasasta was hulle goedgesind en het waarskynlik reeds aangebied om 'n afdeling soldate met hulle saam te stuur.

Maar die saak was nie heeltemal so eenvoudig nie. Kort vantevore het Esra nog vir die koning gesê: "Ons God sorg goed vir almal wat Hom dien" (vers 22). Met ander woorde:

As God vir jou is, kan niemand teen jou wees nie.

En daarom het Esra nie kans gesien om hulp te vra nie. Hy was te skaam. Die heidense Babel het waarskynlik nuuskierig toegekyk om te sien wat gaan gebeur, of Esra se geloof sterk genoeg is om die lippetaal van die verlede, dit wat hy met die mond bely het nou ook met die daad te bevestig. Sorg die Here werklik vir almal wat Hom dien of is dit maar net iets wat jy sê wanneer dit met jou goed gaan en daar geen gevaar dreig nie? Natuurlik wil hierdie gedeelte nie sê dat 'n gelowige nie voorsorgmaatreëls mag tref nie. Jy kan en jy móét. Maar of jy hulpmiddels tot jou beskikking het of nie het nie, die vraag is of jy jou belydenis glo, of jy die Here onvoorwaardelik vertrou soos wat jy sê dat jy Hom vertrou. Jy moet skaam wees as die teorie van jou belydenis nie klop met die praktyk van jou lewe nie.

Sing: Psalm 91:5,7 Ds. C.J.H. Breed (Secunda)